Tel: 044 873 4383 | Sel: 061 470 3626 | E-pos: admin@tuinedal.co.za

HUISKERKLIURGIE

VERSORG · TOEGERUS · GESTUUR
TUINEDAL
huisgesin van God

SONDAG 18 OKTOBER 2020

Wanneer mure nie val nie…
'n vasgryp aan die beloftes van God (Josua 6:1-16,20).

- ✓ As jy alleen is, maak gebruik van sosiale media of WhatsApp calls, Telegram of Zoom en doen dit saam met 'n geliefde.
- ✓ Vergader op 'n gemaklike plek waar julle nie gesteur kan word nie.
- ✓ Stel jou selfoon sodat jy nie gepla word nie.
- ✓ Sorg dat **'n stuk papier en pen** byderhand is indien jy notas wil maak.

Ons ontmoet God

- ✓ Laat een van die gesinslede / groeplede 'n kers aansteek as 'n simbool van God se teenwoordigheid.
- ✓ Lees Jesaja 43:1-3 hardop
  "Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het, Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne. As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie, want Ek is die Here jou God, die Heilige van Israel, jou Redder."

Ons ontmoet mekaar

Lees die volgende beloftes van God.

- ✓ **God antwoord ons gebede –** "Voor hulle nog roep, sal Ek antwoord, terwyl hulle nog praat, sal Ek hulle gebed verhoor" (Jes.65:24).
- ✓ **Belofte oor vreugde/blydskap –** "Dit sê Ek vir julle sodat my blydskap in julle kan wees en julle blydskap volkome kan wees." (Joh.15:11).
- ✓ **Belofte oor fisiese behoeftes –** "En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy oorvloedige rykdom in Christus Jesus" (Fil.4:19).

Wanneer jy hierdie beloftes lees, vang jy jouself ook dat jy vra, *"Vreugde te midde van **hierdie** storm?"* Wanneer jy hoor God antwoord ons gebede, wat kom by jou op? *"Wat van **hierdie** gebed?"* Wanneer jy hoor God voorsien in elke behoefte, voel jy dalk dat jy iewers alleen staan en net dalk het God vergeet van **hierdie behoefte?**

Dalk het jy soos ek al van hierdie vrae al gevra. Veral in hierdie deurmekaar en onderstebo jaar waardeur ons is. Dalk is vanmôre die dag wat ons vir mekaar moet sê : "Moenie nou moed opgee nie, moenie nou ophou glo nie, moenie nou die handdoek ingooi nie."

Groet mekaar met die bemoedigende woorde: **MOENIE NOU MOED OPGEE NIE.**

Ons lees die Woord

Lees Josua 6:1-20 aandagtig deur.

- ✓ Wat tref jou van hierdie bekende verhaal?

Ons ontdek die teks en praat saam

In hierdie tyd van ons lewe waar dinge vinnig verander het en nog steeds bly verander, het ek en jy sekerheid (vastigheid) nodig. Iets waaraan ons kan vashou. Die Bybel sê vir ons dit is God se beloftes. Die Bybel is boek vol van God se beloftes. Elke verhaal is deurspek van God wat belowe en God wat sy beloftes tot uitvoering bring.

*"***Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom (Christus Jesus) is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons.***" (2 Kor 1:20).*

Elkeen van die 7 487 beloftes in die Bybel wat Herbert Lockyer gelys en gekategoriseer het, elke Psalm, elke Spreuk, elke deel van die Bybel wat vir ons God se beloftes onderstreep, is in Christus op ons van toepassing.

Etan sê in ***Ps 89:35*** dat God Hom onveranderlik verbind aan sy beloftes: "**wat oor My lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie**." Dit beteken dat God nooit een van sy beloftes sal terugtrek nie. Nooit nie. Nie een nie.

Elkeen van ons kan 'n verhaal vertel van God se beloftes in ons lewe. Dit is immers deel van ons geloofsreis saam met God.

- ✓ Wat hoor jy as jy die woord "***belofte***" hoor?
- ✓ Hoe dink jy beïnvloed jou verstaan van die woord "***belofte***" jou verstaan van God se beloftes?
- ✓ Hoekom gee ons moed op? Hoekom hou ons om vas te hou aan God se beloftes, veral in tye wat dit vir ons voel en lyk niks verander aan ons situasie nie?

In hierdie verhaal van die val van Jerigo se mure, is daar 3 dinge wat ons help wanneer die mure in ons lewens nie val nie

1. **Ons kort ‘n perspektief verandering: Ons fokus skuif van belofte na mure (Vers 1-2)**

   Jerigo was eintlik ‘n baie klein stad gewees. Dit is nie die stad wat ek en jy ken nie. Jy kan in ‘n uur se tyd met gemak om Jerigo stap. Jerigo was ook die eerste stad wat Israel op hulle inneemtog van die beloofde land in die gesig staar. Die eerste geveg wat hulle sou moes veg om die beloofde land in te neem, die land wat God al vir Abraham belowe het.

   Jerigo was dalk nie die grootste stad nie, maar ***DIE MURE***! Dit is wat ons doen. Ons kyk teen Jerigo se mure vas en verloor so ons perspektief. Ons perspektief skuif baie maklik van belofte na mure. Josua sien net die mure van Jerigo as hy opkyk, maar sy werklikheid, sy realiteit is eintlik dit wat God te sê het oor daardie mure.

   - ✓ Watter mure in jou lewe is besig om jou fokus weg te skuif van God se beloftes?

2. **Net omdat jy niks sien gebeur nie, beteken dit NIE God is nie aan die werk nie! (Vers 3-5)**

   Die Here kom gee vir Josua ‘n strategie: “Josua, jy gaan die manne bymekaar kry en julle gaan vir 6 dae om hierdie mure van Jerigo loop. En weet jy wat? Vir 6 dae gaan daar absoluut net **NIKS** gebeur nie.

   Ons weet die mure val uiteindelik en God se volk oorwin vir Jerigo.

   MAAR, vir 6 dae gebeur daar **NIKS**.

   - ✓ Sal jy bly stap omdat God gesê het jy moet stap, selfs al gebeur daar niks? Selfs al verander niks in jou situasie nie? Selfs al verander daar niks aan jou probleme nie? Sal jy bly stap net omdat God gesê het jy moet stap?
   - ✓ Sal jy bly stap al word jou gebede nie beantwoord nie? Sal jy bly stap en bly vertrou op God vir sy beloftes selfs al is al wat jy sien net hierdie mure van Jerigo?

   Net omdat ons nog nie kan sien nie, beteken dit nie dat God nie aan die werk is nie. Net omdat jy niks sien verander of niks sien gebeur nie, beteken nie dat jou geloof nikswerd is nie.

3. Groei lê in die STAP en nie in die val van mure nie (vers 6-11)

Groei lê in die aanhou stap. Die uitkoms het God klaar bepaal. Klaar bewerk. Dis in die stap wat die verdieping van ons geloof en ons verhouding met God lê. Die uitkoms *(die val van Jerigo se mure)* is God se verantwoordelikheid, God se werk. Nie ons sin nie. Om te bly stap, dit ons verantwoordelikheid.

Hoekom 6 keer om die stad stap terwyl hulle niks doen wat soos "oorlog maak" lyk nie? Hoekom 6 keer om die stad stap terwyl niks gebeur nie? Sodat Israel se geloof groei. Die Here wou hê hulle moes weet dat die Een wat beloof het, is die Een wat dit sal doen. Anders mag hulle dalk net gedink het dis hulle skreeu en oorlogskreet wat die mure laat val het. Dit in die 6 dae se stap wat God hulle voorberei vir die vervulling van die Sy belofte. Dit in die 6 dae se stap wat ons geloof groei en ons gereed gemaak word vir wanneer daardie mure in ons lewe val.

- ✓ Wanneer het jou geloof die meeste gegroei?
- ✓ Wanneer was jou geloof die meeste uitgedaag?

4. Moenie ophou stap nie! (Vers 15-15,20)

Lees die volgende gedeelte hardop.

(Vers 15-16) *Die sewende dag het hulle vroeg, toe die rooidag breek, begin. Hulle het sewe maal om die stad gegaan, in dieselfde volgorde as tevore. Daardie dag het hulle dus sewe maal om die stad gegaan. Na die sewende maal het die priesters die ramshorings geblaas. Josua het vir die manskappe gesê: "Skreeu! Die Here gee die stad aan julle oor!*

(Vers 20) *Toe skreeu die manskappe en die ramshorings blaas. Net toe die manskappe die ramshorings hoor, het hulle die aanvalskreet hard uitgeskreeu. Toe stort die mure inmekaar en die manskappe gaan oor, die stad in. Hulle het die stad ingeneem.*

- ✓ Bemoedig mekaar met die volgende woorde: **MOENIE OPHOU STAP NIE!**

Ons bely saam

Luister na die volgende lied. Mag dit jou geloofsbelydenis wees vandag.

https://www.youtube.com/watch?v=0B_InQIITxU

Ons leef en doen

As daar ‘n belofte van God is, waaraan jy vashou, skryf dit neer. Plak dit iewers op ‘n prominente plek in jou huis. Sit dit in jou “lunchbox” werk toe. Sit dit langs jou bed. En elke keer wat jy dit lees, lig jou oë op, kyk vir ‘n oomblik verby die mure in jou lewe en stap nog een keer...

Seën

Ontvang die seën van die Here:

“Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het, Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne. As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie, want Ek is die Here jou God, die Heilige van Israel, jou Redder.”

VERSORG · TOEGERUS · GESTUUR

TUINEDAL

huisgesin van God